

Geliefde Lourensrieverder

Met hierdie lekerrrrr uitgerekte langnaweek wat verby is kon ek weer ordentlik tyd kry vir grawe in die grond, snoei, my verwonder aan klein plantjies wat opkom en ander wat vruggies begin dra.... daar is geen beter batterylaaier en vreugdeverskaffer nie... Dit het my ook aan die dink gesit oor ons Fokusteks uit Johannes 15 vir die week (onderaan) en die "vrugte-dra-gedeelte" wat ons hemelse Vader seker net soveel vreugde moet verskaf....

Gerjo Ben van der Merwe skryf in Kruispad:

"Hoe lyk mense wat goeie vrugte dra en toelaat dat die Heilige Gees hulle beheer?

♥ **Sulke mense gee baie om vir ander.** Wat verwag 'n mens nou anders van Paulus? Liefde vir ander mense is die belangrikste. As jy ander bo jousef stel, is jy reeds halfpad op die wenpad!

♥ **Hulle lewe is vol vreugde.** Wanneer jy besef wat God vir jou doen, wanneer jy ander mense liefhet, is die gevolg dat ander die lewensvreugde uit jou sien borrel. Ek sukkel hiermee. Partymaal mis ek die bus met die vrede en vreugde. Miskien dra ek te veel en gee te min oor vir die Heilige Gees.

♥ **Die vrede wat van God af kom, ken en ervaar hulle.** Ware Christene weet nie net van God se vrede nie, nee, hulle ken dit. Dit is deel van hulle lewe. Dit bly egter nie net in hulle koppe nie, hulle ervaar dit ook in hulle lewens. Dit is juis daarom dat ander die goeie vrug kan raaksien.

♥ **Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees.** Hier moet die Heilige Gees hard werk, want té maklik val ek oor die hekkie. Ek spring té gou op my perdjie as dinge nie loop soos ek wil hê dit moet loop nie en as ek my weer kom kry, is die liefde by die deur uit en sien mense 'n kant van my wat nie lekker is nie.

♥ **Hulle straal vriendelikheid en warmte uit; daarom wil ander graag in hulle teenwoordigheid wees.** Is jy die magneet wat ander aantrek of wegstoot? Al voel jy hóé, glimlag jy altyd? Al is mense hóé onbeskof, val jou vriendelike vrugte hulle brommery plat?

♥ **Hulle doen goeie dinge vir ander mense. Alweer die liefde vir ander, maar dié vrug is 'n dóén vrug.** Hier moet jy van die bank af opstaan en iets begin doen. Jy moet begin vrugte uitdeel aan ander wat dit eintlik glad nie verdien nie!

♥ **Ander kan altyd op hulle reken omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou.** God is betroubaar. Ons kan God vertrou dat Hy ons nooit in die steek sal laat nie. Glo jy dit? Of het jy ook maar altyd 'n agterdeur oop? As jy deur dik en dun op God kan vertrou, sal ander dit in jou lewe sien en weet dat hulle ook op jou kan reken.

♥ **Hulle is vol deernis en ontferming...** 'n Mens kan nie vrugte dra as jy eerste aan jousef dink nie. Die ander een met sy of haar behoeftes moet in jou visier wees. Liefde vir ander!

♥ **Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie.** Die vrug van selfbeheersing. Die Gees moet ons help hierin, maar laat ons die Heilige Gees toe om sy werk in ons lewens te doen? Dit is darem partymaal nét te lekker om eers self weer die wiel te neem.

Ek mis 'n hele paar van die vrugte. Eintlik kan ek net bid: God, Here, Heilige Gees, help my! Help my, want my vrugteboom se vruggies maak dit nie!" Bron: <http://kruispad.247.org.za/goeie-vrugte-van-goeie-vrugtebome/>



NUUSKRUMMELS: 03 MEI 2018

NUUS UIT DIE KERKANTOOR:



SNR GROEP

Hierdie vriendelike groep omgee-mense kom elke Woensdag-oggend @ 08h00 in die kleinsaal by die kerk bymekaar en wil graag **alle senior burgers (mans & vroue)** uitnoui om deel te word van dié lekker groep. Daar word oor verskeie onderwerpe gesels en tyd in die Woord gespandeer. Hulle het ook uitreikprojekte na Liefdadigheidsinstansies.

Indien jy belangstel, kontak Louis Steyn @ 021 854 3226 of 0834153031

ONS WOEKER BY DIE KERKKANTOOR

Heerlike varsgebakte koekies @ R20 per pakkie ASOOK Beskuit @ R30
Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfynt @ R20 per potjie
Anna se organiese Hanepoot Druiwestroop @ R15 per botteljie
Lappiesboontjies @ R45 p/kg
Boekie: Lig op 'n Chirurg se pad R50 (R25 vir kerk en R25 vir Evangelisasie)

Baie dankie Wessel Geldenhuys, ons Fasiliteitsbestuurder, vir die pragtige hoekkas asook Gerda de Villiers vir die ander kas.

ALLES is ten bate van die Voedsel feesfonds: Daar is besluit om dwarsdeur die jaar te woeker vir ons Voedsel feesfonds en daarom is gemeentelede ook welkom om nou al te begin bydra. Ons hoef nie te wag tot twee weke of 'n maand voor die Voedsel fees plaasvind nie.

VIR FINANSIËLE BYDRAES:

Rekeningnaam: NGK Lourensrievier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos:
fin@lourensrievier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & voedsel fees)

Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.



26 Mei 2018
KERSEMARKTE
KEURINGSDAG
LOURENSRIVIER
STRAND

DIE VOLGENDE MARKTE KEUR SAAM:

Lourensrievier Feesmark
25 Okt - 10 Nov
Lizette 083 500 5400 / lourensrievierstrand@gmail.com

Disakloof Gift Market
15 Des - 29 Des (Gesluit op 25 Des)
10:00 - 18:00 / 24 Des - 10:00 - 13:30 / 29 Des - 10:00 - 13:00
Venue: Disakloof Youth Camp, Caledon Drive, Betty's Bay
Manda Malar @ 083 781 4597 / m.malar@disakloofgiftmarket.co.za

Caledon Kersmark
29 Okt - 3 Nov
Christina Terblom @ 082 944 4305 / ct@gift.co.za

Craft Expo @ Langebaan
27 Des - 5 Jan 2019
Barbara Gertsen @ 073 214 7395 / baoba@akkersaam.nl

Ekliefkrismis Kersmark
17 Des - 27 Des
Amanda van Dyk 072 331 4335 / 044 8890 30 30
Jorina van Dyk 073 945 7447 / amanda@ongeneses.co.za

Gansbaai Kersmark
8 Des - 27 Des
Dinda Clites @ 082 722 8504
gansbaai.kersmark@telkom.za.net

NG Kerk Hermanus Kersmark
10 Des - 4 Jan 2019
Marel Baston @ 071 520 4012
kerkkantoor@ngkerkhermanus.co.za

Vir meer inligting oor die kontakpersone besoek ons webblad of skakel kerkkantoor 021 853 5991

Kleinmond Kersmark
12 Nov - 24 Nov
Anna-Marie du Preez @ 082 303 1456
adupreez0@gmail.com

Kruiskerk Durbanville Geskenke Mark
1 Des - 8 Des
Lize de Wit @ 072 168 1716 / lizeadewit@yahoo.com
Gerhard van Altene @ 082 788 8305
gvanaltene@kron.co.za

Santas Fair
5 Des - 28 Des (gesluit op 25 Des)
Jan & Anita van Noordwyk @ 072 278 3306 /
084 658 5018 / info@santasfair.co.za

Strooidak Feesmark Paar
23 Nov - 1 Des
Mangie du Plessis @ 072 229 8396
strooidakfeesmark@gmail.com

Weskus Kersmark
14 Des - 27 Des
Anna Brand @ 083 609 7147
weskusmark@akkerdykkerk.co.za

Worcester Kersmark
27 Nov - 5 Des
Elaine K... @ 073 395 8114
kersmark@kingdworcoos.org.za

www.lourensrievier.co.za

Hierdie Advertensie is vir ALLE ywerige uitstallers in die area!

Kom stal jou produkte uit vir keuring vir ons Feesmark asook ander markte aan die einde van die jaar.

Aansoekvorms en meer inligting is beskikbaar op ons webwerf: www.lourensrievier.co.za (onder inligting en dan onder Feesmark)

HUIS ESPERANZA VERKOOP

SPEK EN EIER ROLLETJIES

VRYDAG, 4 MEI 2018

R15.00 elk

Plaas asseblief so gou moontlik

bestelling by Susan 021 854 7393

BELANGRIKE UITNODIGING VIR DIE JONG GENERASIE

GROUPS

ALLEEN...? WIL GRAAG VRIENDE
MAAK... MAAR WEET NIE WAAR OM TE BEGIN
NIE?

**GROUPS POOG OM JONGMENSE MET MEKAAR TE
VERBIND!**

WIE?
IS JY LIEF VIR JESUS?... OPSOEK NA INDIVIDUE
EN KRINGE WAAR JY KAN INSKAKEL, MET WIE JY
KAN DEEL, ASSOSIEER EN VRIENDSKAPPE
VESTIG?... IS JY TUSSEN DIE OUDERDOM VAN
NA-SKOOL EN 30?

DAN IS GROUPS VIR JOU!!!

HOE?
'N ALGEMENE WHATSAPP GROEP WORD GESTIG
MET 'N REEKS "SUB-GROEPE" WAAR GROUPS
LEDE VERDEEL WORD VOLGENS
BELANGSTELLINGS... LEDE IN SUB-GROEPE WORD
DAN AANGEMOEDIG OM SAAM AAN GELEENTHEDE
DEEL TE NEEM; MEKAAR TE ONTMOET; EN
GROEPE UIT TE BREI.

DIE DOEL? **KONTAK!** **VERHOUDINGS!**
ASSOSIASIE! **ONDERSTEUNING!**

GROUPS

NAAM:.....
VAN:.....
OUDERDOM:.....
DORP:.....
WHATSAPP NR:.....
BELANGSTELLINGS: (merk af)

- KOFFIE DRINK
- SUSHI/PIZZA
- UITEET
- BRAAI
- MUSIEK
- KUNS
- FOTOGRAFIE
- GEBED & ONDERSTEUNING
- STAP/BERGKLIM/NATUUR
- AVONTUUR
- FIETSRY
- FIKSHEID & OEFENING
- "GAMING"
- ANDER?.....

Bring vorm na Lourensrivier Gemeente se kerkkantoor,
h/v Broadway & Da Gama, Strand of epos na
admin@lourensrivier.co.za óf faks na 086 522 9767



PINKSTER: 13–17 MEI & PINKSTERFEES, 20 MEI (daar is weer heerlike sop & broodjies elke aand)

TEMA: Die Aarde behoort aan die Here

Sondagoggend: 13 Mei – Waar is God se woonplek (Ps 19:2-7; Gen 1:26-28; Joh 1:1-5)

Sondagaand: 13 Mei – Om te sien (Ps 8)

Maandagaand: 14 Mei – Hoor jy die gekla van die skepping (Rom 8:9-11)

Dinsdagaand: 15 Mei – God alleen is die Skepper (Gen 1:1)

Woensdagaand: 16 Mei – Wie moet die aarde versorg (Gen 2:4-15)

Donderdagaand: 17 Mei – Met ope hande (2 Kor 9:10-15)

Sondagoggend: 20 Mei – Die aarde behoort aan die Here (Openb 4&5)

KINDERPINKSTER


TEMA: Jy is Myne

7- tot 13-jariges ervaar die fees van kind wees in God se huisgesin!

Outeur: Tania Schultz & Illustrasies: Magriet Brink

In hierdie reeks hou ons met elke geleentheid 'n "gesinsaand" (sonder Pa en Ma, alhoewel hulle ook welkom is!) Ons speel bordspeletjies soos Scrabble, Slangetjies en leertjies, Pick-up sticks en meer (ons buig wel die reëls so 'n bietjie), terwyl ons hoor dat God ons elkeen wil aanneem in sy huisgesin. Ons luister na die verhaal van Moses wat deur die Egiptiese prinses aangeneem word en ons wonder saam met Nikodemus hoe 'n ou man weer gebore kan word. Ons hoor die Rags to riches-verhaal van Mefiboset wat deur koning Dawid aangeneem word en juig saam met die pa toe die verlore seun huistoe kom. Ons hoor ook Jesus se belofte dat Hy ons nie as weeskinders sal agterlaat nie, maar weer kom om sy kinders te kom haal. Speletjies, saamsing, Bybelverhale, aktiwiteite en baie liefde laat elke kind ervaar hoe God vir hom/haar sê: "Jy is Myne."

Dit is geweldig belangrik dat ons kinders moet grootword met die Bybel se verhale. Dit moet hulle manier van dink oor die wêreld vorm. Dit moet vir hulle 'n wêreld uitbeeld waarin niks sin maak sonder God nie, sodat hulle kan leer om so te kyk na die wêreld waarin ons elke dag leef. Dit moet hulle identiteit vorm: Wie is ek? Wie s'n is ek? Saam met wie is ek God s'n?



Berg 80: Mei 2018

LET WEL: Ouderdom op lys is die huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Cloete	Anna	05/07	91
Stander	Pattie	05/10	80
Varley	Joey	05/10	81
Brand	Willie	05/16	83
Rocher	Hermann	05/16	86
Hanekom	Daphne	05/17	84
Dippenaar	Jessie	05/19	87
Fourie	Joey	05/22	87
Roux	Marie	05/23	82
Visagie	Sally	05/23	82
Van Wyk	Gwennie	05/24	87

Rom 15:13 Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees



KNIEWERK

- ✦ Ons innige meegevoel met Jannie Lambrechts en familie met die heengaan van sy vrou Dalene, op 13 April
- ✦ Ons innige meegevoel met die Marx familie met die heengaan van Makkie Marx
- ✦ Ons innige meegevoel met die Swart familie met die heengaan van Chrissie Swart (101 jr oud) in HJS
- ✦ Ons innige meegevoel met Erik de Lange en familie met die heengaan van sy swaer, Christie Hugo (BFT)

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 6 MEI SE BOODSKAP: Joh 15:9-17 (SESDE WEEK IN PAASTYD & HEMELVAART FEESDIENS)

Verlede week het ons stilgestaan by Jesus se uitspraak dat Hy die ware wingerdstok is. Ons teksgedeelte vorm deel van die gesprek waarmee Jesus in Johannes 15 besig is. Jesus is die ware wynstok (1-17), is die laaste "Ek is"-uitspraak in die Johannesevangelie en die enigste "Ek is"-uitspraak met 'n byvoegsel: "My Vader is die Landbouer." Die verhouding van Jesus met sy dissipels, die hooftema in die gedeelte, is gebaseer op sy eie verhouding met sy Vader. Die dissipels staan in 'n intieme verhouding met Jesus (9) en met die Vader (10). Daaruit vloei 'n nuwe lewe wat vrug dra. Die verbintenis van die Vader en die Seun, en die Seun en sy dissipels, asook die dissipels met die Vader, bestaan in die gemeenskaplike liefde vir mekaar. Hierdie liefde bestaan uit gehoorsaamheid as spontane vreugde en nie pynlike pligpleging nie.



Om "in Jesus" te bly, is ook om in sy liefde te bly soos Jesus in die liefde van die Vader gebly het. Dit beteken om jou te verbly in die werklikheid van sy liefde; te vertrou op die ondersteuning van sy liefde; niks te doen om Hom hartseer te maak nie; te konsentreer op wat Hom vreugde sal verskaf; om sy gebooi te gehoorsaam – net soos Jesus die gebooi van sy Vader gehoorsaam en in sy liefde bly.

Jesus praat van 'n stabiele, veilige en standvastige verhouding: om omring, toegemaak, beskut te wees en versterk te word deur Jesus se liefde. Liefde groei vanuit die Vader en vloei deur die Seun na die dissipels. Jesus roep hulle op tot blydschap, nie doodse gehoorsaamheid nie. Hierdie blydschap hang nie af van 'n luukse omgewing of gerief, wat verander as omstandighede verander nie. Dis die blydschap van 'n gedissiplineerde lewe, soos van 'n atleet wat die vrugte pluk van totale toewyding. Die atleet mag seer spiere en blase op sy voete hê, maar dit weeg nie op teen die blydschap van oorwinning nie!

Die blydschap is nie net 'n menslike emosie nie. Jesus noem dit "my blydschap". Dit is 'n gawe van die Gees in hulle. Dit maak die blydschap bonatuurlik en kosbaar. Dit kan verwys na die blydschap wat Jesus self ondervind, wat kom na voltooië arbeid in gehoorsaamheid aan God. By die dissipels is daar reeds blydschap, maar gemeng met ontsteltenis en droefheid oor die gedagte dat Jesus van hulle weggaan. Nou belowe Jesus aan hulle blydschap wat suiwer, volkome en blywend is. Die blydschap lê in die vrug van die uitvoering van Jesus se opdragte. Deur dit te doen, bly die gelowiges in die liefde van die Here. In vers 12 word Jesus se bevel tot een bevel gereduseer: "Julle moet mekaar liefhê." Hierdie opdrag om lief te hê, vat al die wette en profesieë saam/sluit dit in. Wie liefhet, steel of moor immers nie. Daarom kon Augustinus sê: "Leef die liefde en doen wat jy wil!"

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier